Vermy Die Verf Slaggate.

TALLE verskuilde slaggate kom voor wanneer daar geverf moet word. Hou gerus die volgende in gedagte:

* Voorbereidings om te verf neem gewoonlik meer as 75% van die projektyd in beslag;
* Gebruik kontrakteurs met goeie verwysings;
* Stel spesifikasies op vir die projek. Vra 'n handelaar in verf produkte as a twyfel;
* Probeer altyd om 'n behoorlike ooreenkoms met die kontrakteur op te stel;
* Let daarop dat die verf nie onnodig verdun moet word nie;
* As u die voorraad verskaf, gee net wat nodig is vir die onmiddellike deel van die projek en kontroleer die aanwending van byvoorbeeld vogweerder, waterdigting, onderlae, tweede en laaste lae, asook die droogtye tussen lae volgens die vervaardigers se spesifikasies, noukeurig;
* Maak seker alle voorbereidings is reg afgehandel voordat die eerste materiaal verskaf word;
* Wanneer u kleure by 'n handelaar kies, onthou dat verf wat buite aangewend word, aan verwering deur elemente blootgestel word. Die kleur pigmentasie sal wel mettertyd deur die son verander of verbleik word, hoewel sommige verfsoorte kleurvas is. Blou, groen, geel, roof en magenta pigmente is minder kleurvas as wit en swart. Onthou dit wanneer die kleur van dakverf gekies word;
* Maak seker die gereedskap is voldoende om 'n behoorlike oppervlak te voorsien;
* Kyk na goeie spesifikasies soos SABS- goedkeuring, ISO 9002 en MBA- keuring.
* Prys is nie noodwendig 'n aanduiding van gehalte van die produk wat u koop nie.
* Waak teen vervaardigers wat nie ingestel is op gehalte nie en ongeloofwaardige pryse aanbied.